

Aktiwiteit 6.3 : Kortverhaal - Die Besluit

1. tannie
 2. “gereeld die Ford brand stoot / die Ford nie teëstribbel as sy haar twee hande op hom sit”
 3. Sy is ‘n sterk, selfstandige vrou wat nie baie geduld het nie.
 4. ‘n Hostel is ‘n koshuis. Die hostel is baie onpersoonlik ; daar is geen kussings of beddegoed in die kamers nie.
 5. Hopie koerantpapier vir ‘n kokkussing.
Kaal matras
 6. Sy is die matrone van die koshuis.
 7. Sjampoe, seep, tandepaste en ‘n waslap.
 8. ‘n Hopie gestrykte klere.
 9. Hulle het weggeloop uit die koshuis.
 10. ‘n Vergadering van al die leerders in die hostel. Daar is een gehou om die reëls neer te lê vir die kinders wat in die hostel woon.
 11. Ja – sy loop weg uit die koshuis uit. Sy wil nie in die koshuis bly nie, waar daar sekere reëls is. Sy mislei haar ma, want sy wil eintlik na haar niggie gaan waar daar ‘n klomp seuns is, terwyl sy haar ma laat verstaan sy is ongelukkig in die koshuis. As sy nie haar sin kry nie, wil sy selfmoord pleeg.
 12. Gwendoline wil die hostel na haar ma, Juliana, vernoem.
 13. Dit handel oor vigs en armoede.
 14. Sy is eiesinnig en het goeie leiereienskappe. Sy het drome en ambisie om eendag self ‘n hostel te bestuur.
 15. Die stemming (trant) is hartseer.
 16. Alomwetende verteller
 17. Sy is nie ‘n baie sterk vrou nie. Sy is sieklik. Sy het ‘n sterk verantwoordelikeheidsin: sy wil net die beste vir haar kind hê. Sy besef sy gaan nie meer lank leef nie en motiveer daarom vir Gwendoline om in die koshuis te bly waar sy versorg sal wees.
 18. Ja. Dit toon haar liefde vir en erkentlikheid teenoor haar ma.
-

Nasorg

Aktiwiteit 6.4: Gedig – Kind

1. Metafoor – ‘n volwassene se innerlike menswees word vergelyk met die gees van ‘n kind.
 2. Dit beteken daar is meer inligting om in die woorde voor dit te lees ; Dit suggereer dat daar soms hartseer is.
 3. Die gedig bestaan uit ‘n kwatryn, twee oktawe en eindig met ‘n kwatryn.
(Tipografie: die bou van die gedig – uitleg van strofes en versreëls)
 4. a) gebroke rym
b) Kan moontlik aansluit by die gebrokenheid / hartseer wat in die gedig ter sprake is.
 5. “harte op galop” (perde galop)
 6. ‘n Volwassene. “of ons nou man of vrou is” “Soos toe ons klein was”
 7. Figuurlik. Dit dui op emosie. ‘n Gebroke hart verwys na hartseer; ‘n “heel” hart, sou beteken gelukkigheid.
 8. Gelukkig
 9. Net soos daar iemand is wat ‘n kind wat seerkry troos, so is daar altyd iemand wat jou help en vertroos wanneer jy hartseer en onsteld is.
 10. Baie effektief, want al is iemand reeds volwasse ervaar hy/sy steeds dieselfde emosies en wil getroos word.
-

Nasorg

Volsverhaal: Noha, die waterslang

1. Die verhaal speel af in 'n landelike gebied naby 'n rivier met riete, in 'n vallei. Die voetpad vanaf die rivier na die statjie is steil.
2. Die statjie is naby die rivier gebou en dis waar hulle water vandaan kom. Hulle verbou graan in landerye, en hou skape aan. Daar is natuurlik ander gevare in die water, soos krokodille, seekoeie ensovoorts, daarom betaal hulle vir die voorreg om water te skep.
3. Vir jong meisies bedoel: Die vroue leer vir Thakane oor hoe sy moet maak wanneer sy getroud is. Hulle leer vir haar die vreugde daarvan om 'n vrou te wees deur die fees en dans vir haar te hou. Die luisteraars leer die les dat vroue getrou moet wees aan hulle mans.

OF

Vir beide seuns en meisies: die kennis en waardes van die verkeerd van diefstal word uitgebeeld. As jy steel, kan jy jou vryheid en soms jou lewe verloor. Om mooi dinge na te jaag en te begeer kan soms jou ondergang beteken.

4. Ja / nee. Gee redes. (Jou eie mening)

5.1 "Daar waar die fontein deur die riete borrel, daar by die skepplek van die jong meisies, daar bly Noha, die waterslang."

"Maar die jong meisies vrees hom nie. Nee, hulle vrees hom nie,..."

"Elke aand kom praat die stam se ou vrouens van grootmeisiegoed, van trou en van mans. Elke aand praat hulle."

5.2 Onsterflikheid

6.1 Die water word met 'n spieël in vergelyking gestel omdat dit weerkaats.

6.2 "...in die stil water wat soos 'n spieël weerkaats..." Die vergelyking met die woord soos werk beter, omdat dit misverstand/misinterpretasie by die leser verlig.
